

22 Oktober

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-11 (OAV)**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5: 8**

**Dagmense, bemoedig en bou mekaar op, met die oog op die Here se koms**

Nie alleen die *wat* van die wederkoms nie, maar ook die *wanneer* was 'n probleem in die gemeente van Tessalonika. Daarom leer die Here deur sy apostel dat dit nie gaan oor die *hoe lank* en *die wanneer* van Christus se terugkeer nie, maar oor die hier en nou van ons lewe. Hier waar ons leef óf as nagmense óf as dagmense.

*Nagmense* se grootste kommer is hulle eie belange. Daarom is hulle uitkyk op die lewe beneweld en verwronge soos dié van besopenes. Eerder as om doelgerig en paraat met die oog op die wederkoms te lewe, raak hulle verdwaal in die dinge van die wêreld. Dis daarom geen verrassing dat die wederkoms vir hulle totaal ontydig is en hulle onverwags oorval nie. Te laat sal hulle besef dat ewige vernietiging hulle onafwendbare lot is.

Dagmense aan die ander kant, se lewe weerspieël die lig wat van die Here afstraal. Die kenmerk van hulle lewe is nugtere balans en hulle beskik oor visie wat agter hierdie wêreld altyd die Here raaksien. Die apostel vergelyk hulle lewenshouding met dié van 'n wakker soldaat wat op wag is. Vaste kennis van God en sy openbaring en liefde vir Hom beskerm so 'n soldaat se hart teen aanslae van buite terwyl sy denke deur sekerheid oor verlossing in Christus beheers word.

Met hierdie sekerhede van geloof, liefde en hoop, moet ons as dagmense langs mekaar gaan staan en mekaar aanmoedig en opbou, eerder as om op mekaar neer te sien en mekaar af te breek.

Mag die Gees wat jou in Christus'n dagmens gemaak het, jou vandag lei om ook as een te lewe.

*Sing: Psalm 31:13, 14, 15 (1936)*

*Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)*